15. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die voortgesette sukses van Wesgro, die Wes-Kaap se amptelike Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap; erkenning gee aan sy belangrike rol in die implementering van die Provinsie se strategiese doelwit om uitvoere teen 2035 te verdriedubbel, en sy prestasies in die 2024/25- finansiële jaar, insluitende die fasilitering van R14,5 miljard in nuwe beleggings en R5,4 miljard in uitvoerverklarings; verder kennis neem dat Wesgro die afgelope jaar 75 buitelandse handelsendings onderneem het en met 48 lande geskakel het, en die Wes-Kaap suksesvol as 'n bestemming vir sake, toerisme en belegging op die internasionale verhoog bevorder het; erkenning gee aan die agentskap se bydrae tot openbare infrastruktuur, insluitende ondersteuning vir die oprigting van vier nuwe skole; en Wesgro gelukwens met sy innoverende en resultaatgedrewe benadering, wat sy plek as 'n hoeksteen van die Wes-Kaap se Strategie vir Werkgeleenthede deur Groei herbevestig.

Goedgekeur.
16. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die prysenswaardige werk van Reach Out Athlone, 'n organisasie sonder winsoogmerk wat gestig is om weerlose groepe in die gemeenskap te ondersteun; verder kennis neem dat die organisasie sedert sy ontstaan deurlopend tussen 500 en 700 mense elke week gevoed het – 'n merkwaardige bydrae tot voedselsekerheid en menswaardigheid; erkenning gee aan die ondersteuning wat deur die Stad Kaapstad verskaf word, en kennis neem van die dankbaarheid wat stigterslid Aziza Hendricks uitgespreek het, wat die positiewe impak van hierdie bystand uitgelig het; verder erkenning gee aan die inisiatief wat die organisasie geneem het om 'n voedseltuyn te vestig, waar produkte soos soetrissies gekweek word, met opbrengste uit die verkope wat weer in hul voedingsprogram belê word; en Aziza Hendricks gelukwens met haar onbaatsugtige gemeenskapswerk deur Reach Out Athlone, en die organisasie aanprys vir sy volhoubare benadering tot die opheffing van lewens in Athlone en verder.

Goedgekeur.
17. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Paarl weer eens die wêreld se grootste interskole-rugbywedstryd tussen die buurskole, die Hoër Jongenskool Paarl en Paarl Gimnasium, aangebied het – 'n wedywering propvol geskiedenis

en tradisie; verder kennis neem dat, hoewel alle skoolsportsoorte belangrik is, rugby steeds die hoogtepunt van hierdie jaarlikse geleentheid is; erkenning gee dat die Hoër Jongenskool Paarl in vanjaar se opwindende wedstryd Paarl Gimnasium naelskraap met 35–33 geklop het; erkenning gee aan die sterk waardes van sportmanskap, vriendskap en gemeenskapstrots wat deur hierdie wedstryd bevorder word, wat steeds generasies verenig en besoekers van regoor die land en verder lok; en albei skole gelukwens met die behoud van hierdie trotse tradisie, en vir die aanbieding van 'n geleentheid wat beduidend tot die Paarl se plaaslike ekonomie en kulturele lewe bydra.

Goedgekeur.

18. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en me Tracy Lange, die Tracy Lange Cares-inisiatief en pastoor Dane Mesane aanprys vir hul onvermoeide pogings om fondse in te samel en openbare steun te mobiliseer om toe te sien dat die Suid-Afrikaanse kinders wat onlangs in Portugal gestrand was, veilig teruggekeer het; erkenning gee aan die kritieke rol wat hulle gespeel het om hierdie aangeleentheid onder nasionale aandag te bring, wat gemeenskappe verenig het en beslissend opgetree het om die welstand en veiligheid van die betrokke jongmense te prioritiseer; en hul buitengewone toewyding, deernis en leierskap loof in reaksie op 'n krisis wat vinnige en medemenslike ingryping vereis het.

Goedgekeur.

19. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vier afrigters, naamlik Jesse Julius, Clayton Levendal, Keeno Damons en Jayvin Chrisholm, aanprys vir hul buitengewone versorging, moed en toewyding om die Suid-Afrikaanse kinders wat in Portugal gestrand was, te beskerm en te ondersteun; erkenning gee aan hul dapperheid om hulle uit te spreek teen die verkeerde optrede wat tot die krisis gelei het, en hul standvastige pogings om die fisieke en emosionele welstand van die jongmense onder uiters moeilike omstandighede te beskerm; en waardering en beste wense teenoor hierdie individue uitspreek namate hulle voortgaan om as positiewe rolmodelle in hul gemeenskappe te dien.

Goedgekeur.

20. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die vinnige en besliste optrede van die Stad Kaapstad se Brandweer-en-reddingsdiens in hul reaksie op die huisbrand in Abattoirstraat, Strand, op 16 Julie aanprys; en verder kennis neem dat hul vinnige ingryping die brand onder beheer gebring het, beserings voorkom het en aangrensende eiendomme beskerm het, wat weer eens 'n bewys van ons nooddienspersoneel se professionaliteit, gereedheid en dapperheid is.

Goedgekeur.

21. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Helderberg-ponieklub aanprys vir die aanbieding van sy laaste fondsinsamelingskou op 2 Augustus by die Firlands-perdelandgoed, met 'n opwindende program van perdespring en dressuur; en verder kennis neem dat die opbrengs jong ruiters sal help om op provinsiale en intertakvlak mee te ding, en sodoende sportuitnemendheid ontwikkel, jeugontwikkeling bevorder en die trotse perdrytradisie van die Helderberg-streek bewaar.

Goedgekeur.

22. Me B M Van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Valsbaai-hengelklub gelukwens wat as die algehele wenner by die toekennings van die Wes-Kaapse-kushengel-

vereniging aangewys is; en met trots kennis neem dat die klub die hoogste totale telling van die seisoen behaal het, en dat sy lede in verskeie kategorieë uitblink het, met verteenwoordiging in provinsiale onder-16A-, onder-21-, en senior A-spanne, en uitsonderlike vaardigheid, spanwerk en gemeenskapsgees gedemonstreer het.

Goedgekeur.

23. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die dood van me Maria Swarts, wat op 25 Julie 2025 ter ruste gelê is; kennis neem dat me Swarts in Calvinia gebore is en in 1976 na Kaapstad verhuis het, waar sy 'n lewe van stille waardigheid en harde werk opgebou het, insluitende twee dekades van toegewyde diens as kok by die Voorbereidingskool Westelike Provinsie; verder kennis neem dat sy 'n getroue en standvastige metgesel vir haar lewensmaat van 49 jaar, mnr Michael Orphan, was, en hom dikwels op reise na Calvinia vergesel het waar albei behoeftige inwoners ondersteun het; erkenning gee aan haar diepe toewyding aan haar familie, een seun en drie kleinseuns word nagelaat, en haar as 'n figuur van standvastigheid en ondersteuning in haar huis en uitgebreide gemeenskap onthou; innige meegevoel betuig met mnr Orphan en die familie; en die stille krag waarmee me Swarts haar lewe geleef het, vereer.

Goedgekeur.

24. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die dood van mnr Willem Erwee, 'n gerespekteerde opvoeder en gewaardeerde lid van die gemeenskap van die Hoër Jongenskool Paarl; kennis neem dat mnr Erwee die skool se bemarkingspan met onwrikbare toewyding en 'n diepe verbintenis tot integriteit en doelgerigtheid gelei het; verder kennis neem van sy impak as mentor, kollega en vriend, wie se lewe en voorbeeld 'n blywende indruk op leerders, personeel en die groter gemeenskap gelaat het; hulde bring aan sy nalatenskap: een van diens, visie en waardigheid, wat in die struktuur van die Hoër Jongenskool Paarl ingewef is en met diepe respek onthou word; innige meegevoel betuig met sy vrou, seun, skoondogter en alle geliefdes in hierdie hartseer tyd; en 'n lewe vereer wat diegene rondom hom werklik geïnspireer het.

Goedgekeur.

25. Mnr M Booysen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Karoo Pak, 'n plaas in Calitzdorp in die Tuinroete, gelukwens met hul uitstekende prestasies by die SA Voedsel- en Dranktoekennings 2025, waar hulle goud gewen het vir hul Karoo Wonderful Pomegranate Reduction en Karoo Pomegranate Rouge Liqueur; silwer vir hul Karoo Wonderful Pomegranate Juice en Karoo Fruit Pop; kennis neem dat die Wes-Kaapse Departement van Landbou en die Tuinroete-distriksmunisipaliteit 'n sleutelrol gespeel het in die plaas se vroeë ontwikkeling en navorsing, met die Departement van Landbou wat 'n ondergrondsewaterstudie befonds het, en die Tuinroete-distriksmunisipaliteit wat die boorgate en pype befonds het toe voldoende water bevestig is; erkenning gee dat hierdie vennootskap tussen die regering en die privaat sektor die tasbare voordele van strategiese belegging in landbou demonstreer, wat ekonomiese geleenthede in plattelandse gemeenskappe ontsluit; en Karoo Pak volgehoue sukses toewens met die vervaardiging van wêreldgehalteprodukte wat die uitnemendheid van die Wes-Kaapse landbou ten toon stel.

Goedgekeur.

26. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die amptelike verklaring as 'n Provinsiale Natuurreservaat van die Wildernis-natuurreservaat naby Heidelberg, wat meer as 643 hektaar kritieke biodiversiteit dek; verder kennis neem van die reservaat se belangrike rol in die beskerming van varswater-ekosisteme, die besker-

ming van bedreigde spesies, soos Burchell se rooivlerkie en die witkruisvleivalk, en die versterking van ekologiese deurgange deur middel van sy verbinding met die Boosmansbos-wildernisgebied; erkenning gee aan die belangrikheid van hierdie stap in die bevordering van omgewingsbeskerming, die versekering van langtermyn-ekosisteem-veerkragtigheid, en die ondersteuning van noodsaaklike wateropvanggebiede vir omliggende gemeenskappe; erkenning gee aan die waardevolle werk van CapeNature en sy samewerking met grondeienaars om hierdie bewaringsmylpaal moontlik te maak; en verdere pogings aanmoedig om beskermde gebiede uit te brei in reaksie op biodiversiteitsverlies en klimaatsverandering.

Goedgekeur.

27. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die Stad Kaapstad vir die goedkeuring van die Kaapstadse Ruimtelike Plan vir Biodiversiteit 2025, 'n sleutelinstrument vir die leiding van ruimtelike beplanning, omgewingsbeoordeling en die bestuur van natuurlike hulpbronne; kennis neem dat die plan die hersiene Kaapstadse BioNet 2024 insluit, wat 55 697 hektaar – meer as 22% van die munisipale gebied – dek en dit in lyn bring met die Wes-Kaapse Wet op Biodiversiteit, 2021; en erkenning gee dat hierdie inisiatief die Stad se verbintenis tot die beskerming van biodiversiteit en die ondersteuning van volhoubare stedelike ontwikkeling versterk.

Goedgekeur.

28. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van en sy innige meegevoel betuig ná die verskriklike en sinnelose moord op die sewejarige Lolitha Kowa van Kuyasa, Khayelitsha; kennis neem dat Lolitha op die aand van Dinsdag 22 Julie 2025 deur haar ma as vermis aangemeld is, en dat haar lyk die volgende oggend tragies by 'n nabygeleë stortingsterrein ontdek is, wreed aangerand, in bloedbevlekte klere toegedraai, en met 'n skroewedraaier wat in haar skedel vasgesit het; kennis neem dat die uitslag van die nadoode ondersoek verder bevestig het dat sy seksueel aangerand is voordat sy vermoor is; kennis neem dat hierdie barbaarse misdaad weer eens die voortgesette mislukking van die Wes-Kaapse Regering en sy wetstoepassingsagentskappe blootgelê het om ons mees weerlose inwoners te beskerm, veral vroue en kinders wat in arm en onderbediende gemeenskappe woon; kennis neem dat dit onaanvaarbaar is dat gemeenskappe, soos in Khayelitsha, steeds onder onvoldoende polisiëring, onderbefondsde maatskaplike dienste en swak infrastruktuur gebuk gaan, wat alles tot die toenemende klimaat van vrees en wetteloosheid bydra; kennis neem dat ons nie kan toelaat dat die moord op nog 'n kind sonder verantwoordingspligtigheid of sistemiese verandering plaasvind nie; 'n beroep doen op 'n dringende hersiening van die Provinsie se Strategie vir Veiligheid en Sekuriteit; hierdie regering uitdaag om die lewens van die gemarginaliseerdes te prioritiseer, nie net in woord nie, maar in daad; en innige meegevoel betuig met Lolitha Kowa se familie.

Goedgekeur.

29. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer en woede kennis neem van die wrede verkragting van en moord op die 25-jarige Zenande Tshazibane van Nyanga, wat slegs dae nadat sy 'n beskermingsbevel by die owerhede aangevra het, tragies vermoor is; verder kennis neem dat Zenande se dood 'n ramspoedige en sistemiese mislukking deur die reg- en wetstoepassingstelsel weerspieël om tydige en doeltreffende beskerming te bied aan vroue wat in gevaar van geslagsgebaseerde geweld verkeer; die voortgesette geweld teen vroue in die Wes-Kaap ten sterkste veroordeel, veral in werkersklasgemeenskappe, soos Nyanga, wat steeds gebrekkige polisiëring en hulpbronne

het, en deur die provinsiale regering verwaarloos word; erkenning gee dat Zenande se moord nie 'n geïsoleerde geval is nie, maar deel is van 'n groter krisis van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord wat steeds die lewens van talle vroue en meisies in die provinsie eis; 'n beroep doen op hierdie Huis en die Wes-Kaapse Regering om die veiligheid van vroue dringend te prioritiseer deur middel van beter toegang tot geregtigheid, sterker verantwoordingspligheidsmeganismes by die SAPD en die hofstelsel, en die uitbreiding van programme vir die voorkoming van geslagsgebaseerde geweld; en innige meegevoel met vriende en familie betuig.

Goedgekeur.

30. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die noodlottige skietery van die 46-jarige Naeema van der Vindt, 'n inwoner van Kalksteenfontein, wat koelbloedig doodgeskiet is in wat vermoedelik 'n geteikende aanval was; kennis neem dat daar beweer word dat me Van der Vindt 'n sleutelgetuie in 'n voortgaande strafsak was, wat ernstige kommer wek oor die veiligheid en beskerming van fluitjieblasers en getuies in ons regstelsel; kennis neem dat hierdie voorval nie net die familie van 'n ma, suster en geliefde beroof het nie, maar ook die groter stryd teen misdaad en korrupsie 'n slag toegedien het, aangesien dit 'n kil boodskap stuur aan diegene wat dit waag om hul stem te laat hoor; die voortgesette mislukking van die Wes-Kaapse Regering en wetstoepassingsagentskappe om voldoende getuiebeskermings- en gemeenskapsveiligheidsmaatreëls te implementeer, ten sterkste veroordeel – veral in misdaadgeteisterde gebiede, soos Kalksteenfontein; kennis neem dat die voortgesette patroon van intimidasie, geweld en die stilmaak van getuies die oppergesag van die reg ondermyn en die gereg dwarsboom, veral vir gemeenskappe wat reeds onder die beleg van bendes en geweldsmisdaad leef; 'n beroep doen op die provinsiale regering en die Suid-Afrikaanse Polisie diens om meganismes te versterk wat die beskerming te waarborg van getuies, fluitjieblasers en weerlose individue wat in die belang van geregtigheid na vore kom; en sy innige meegevoel betuig met die Van der Vindt-familie en die Kalksteenfontein-gemeenskap – mag haar lewe en dapperheid onthou word, en mag haar dood as 'n katalisator vir verandering en verantwoordingspligtheid in die Wes-Kaap se strafregstelsel dien.

Goedgekeur.

31. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer en ontsteltenis kennis neem van die tragiese dood van Amanda Manentsa, 'n ma van drie kinders, wat noodlottig op die R300-snelweg geskiet is nadat een van haar bande gebars het; kennis neem dat hierdie skokkende voorval nie net die toenemende gevaar op ons paaie beklemtoon nie, maar ook ernstige kommer oor kriminele aktiwiteite en die veiligheid van motoriste op hoofvervoerroetes in die Wes-Kaap wek; hierdie wrede daad en die skynbare wetteloosheid veroordeel wat steeds onskuldige lewens eis, veral die lewens van vroue en ma's, wat die las dra om gesinne groot te maak en tot die samelewing bydra; kennis neem dat die voortgesette geweld op ons paaie en hoofweë, veral in gebiede soos die R300, 'n dieper mislukking van die provinsiale regering en wetstoepassingsagentskappe weerspieël om voldoende patrollies, waaktoesig en noodreaksiestelsels te implementeer; 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering en toepaslike wetstoepassingsowerhede om dringende stappe te doen om hoërisikoroetes, soos die R300, te beveilig en om saam met gemeenskappe en nasionale belanghebbendes te werk om sigbaarheid, reaksietyd en padgebruikerveiligheid te verbeter; en sy innige meegevoel betuig met die Manentsa-gesin, haar drie kinders, en almal wat haar geken en liefgehad het.

Goedgekeur.

32. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die tragiese dood van die vyfjarige Melokuhle Tshaka van Nyanga, wat as gevolg van 'n dwaalkoeël langs Klipfonteinweg in Lusaka dood is terwyl sy saam met haar tannie winkel toe gestap het; kennis neem dat hierdie sinnelose verlies van 'n onskuldige kind se lewe nog 'n hartverskeurende herinnering is aan die dodelike impak van vuurwapengeweld en die volgehoue klimaat van vrees wat gemeenskappe wat deur misdaad geteister word, in die gesig staar; die voortdurende mislukking om aan die vlaag geweldsmisdaad in Nyanga en ander werkersklasgemeenskappe in die Wes-Kaap aandag te skenk, ten sterkte veroordeel waar inwoners, insluitende kinders, steeds in die kruisvuur van bende- en kriminele aktiwiteite vasgevang is; 'n beroep doen op wetstoepassing en die provinsiale regering om dringend op te tree om die verspreiding van onwettige vuurwapens te bekamp, sigbare polisiëring in hoëmisdaadgebiede te versterk en die lewens van die mees weerlose mense te beskerm; en sy innige meegevoel betuig met die Tshaka-familie en die Nyanga-gemeenskap.
- Goedgekeur.

33. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die tragiese dood van vier studente wie se ontydige sterftes Kaapstad se tersiêre instellings die afgelope weke diep geskok het; kennis neem dat die sterftes 'n 23-jarige student van die Universiteit van Kaapstad insluit wie se lyk by 'n verblyfplek buite die kampus in Woodstock ontdek is; Lugcobo Mbolekwa van die Universiteit van Wes-Kaapland; Chris Scheffers van die Universiteit Stellenbosch; en Justi "Mmeli" Gaqa van die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie; verder kennis neem dat hierdie sterftes – wat binne 'n kort tydjie plaasgevind het – diepe hartseer en angs vir medestudente, personeel en families veroorsaak het, en die dringende behoefte aan versterkte ondersteuningstelsels, geestesgesondheidsdienste en veiligheidsmaatreëls vir studente op alle kampusse beklemtoon het; sy innige meegevoel betuig met die bedroefde families, vriende, klasmaats en die groter universiteitsgemeenskappe wat deur hierdie tragiese verliese geraak is; en erkenning gee aan die potensiaal en belofte wat elk van hierdie jong lewens ingehou het, en treur oor die verlies van die bydraes wat hulle tot ons samelewing sou gemaak het.
- Goedgekeur.

34. Mnr F Kamfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die dood van Yolanda Matala van Kensington; kennis neem dat Yolanda se dood 'n groot verlies is vir haar familie, vriende en die groter gemeenskap wat haar geken en liefgehad het; kennis neem dat sy onthou sal word vir haar hartlikheid, deernis en die positiewe impak wat sy gehad het op diegene in wie se lewens sy 'n verskil gemaak het; erkenning gee aan die pyn en hartseer wat haar geliefdes gedurende hierdie moeilike tyd ervaar; en innige meegevoel betuig met haar familie en vriende, veral haar pa, kameraad Sibusiso Mtila.
- Goedgekeur.

35. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig ná die tragiese afsterwe van die 76-jarige fietsryer Dennis Hammar wat gesterf het ná 'n gewelddadige aanval terwyl hy vanaf Paardeneiland op die N1 fietsgery het, en by FW de Klerk-boulevard op die Strandgebied aangesluit het; en die toenemende wetteloosheid en geweldsmisdaad op ons paaie en in openbare ruimtes ten sterkste veroordeel; innige simpatie betuig met die Hammar-familie en sy geliefdes gedurende hierdie tyd van geweldige hartseer; en vertrou dat hulle vertroosting sal vind in sy nalatenskap en herinneringe aan 'n goeie lewe.
- Goedgekeur.

36. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 15-jarige Peyton Connor van Kaapstad gelukwens met haar uitsonderlike prestasie om die Suid-Afrika span te verteenwoordig by die Danswêreldbeker 2025 wat in Burgos, Spanje, gehou is; kennis neem dat Peyton, wat teen dansers van meer as 60 lande meegeding het, uitsonderlike talent, toewyding en dissipline getoon het, en 'n Goue Kaartjie na die Meesterklas verwerf het vir die vierde plek in die hoogs mededingende Junior Kommersiële Solo-kategorie; kennis neem dat haar sukses nie net 'n persoonlike sege is nie, maar ook 'n trotse oomblik vir haar familie, gemeenskap en die land is, terwyl sy voortgaan om jong Suid-Afrikaners te inspireer om hul passie op die wêreldverhoog na te streef; en Peyton loof vir haar merkwaardige prestasie en haar voortgesette sukses met haar dansloopbaan toewens.

Goedgekeur.

37. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die hartverskeurende dood van die vier dae oue baba Lee-Hogan van Wesbank, wat tragies in die hospitaal oorlede is; innige meegevoel betuig met die bedroefde familie gedurende hierdie tyd van diepe hartseer; en erkenning gee aan die geweldige emosionele tol wat hierdie tragedie op hulle en die Wesbank-gemeenskap geëis het.

Goedgekeur.

38. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kaapstad-marimba gelukwens nadat hulle die Guinness-wêreldrekord vir die grootste marimba-ensemble ter wêreld opgestel het, met die buitengewone getal van 1 276 spelers wat saam by Grand West se Grand Arena opgetree het; kennis neem dat deelnemers tussen 8 en 62 jaar oud was en meer as 70 skole verteenwoordig het, wat die ryk diversiteit, eenheid en talent van ons gemeenskappe ten toon stel; kennis neem dat hierdie merkwaardige prestasie nie net ons lewendige kulturele erfenis en liefde vir musiek vier nie, maar ook Kaapstad met trots op die wêreldverhoog plaas; elke deelnemer, organiseerder en ondersteuner loof wie se toewyding en passie hierdie historiese oomblik moontlik gemaak het; en die rol van musiek en die kunste aanprys wat mense oor generasies heen bymekaar bring

Goedgekeur.

39. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy verontwaardiging oor die onlangse voorval uitspreek waartydens 25 junior sokkerspelers van Kaapstad in Julie 2025 in Portugal gestrand gelaat is nadat die BT-sokkerakademie nagelaat het om hul kaartjies vir vlugte terug te verseker ná hul deelname aan 'n toernooi in Spanje; kennis neem dat hierdie skandalige nalatigheid nie net hierdie jong atlete se veiligheid en welstand in gevaar gestel het nie, maar ook ons provinsie se naam in die skande gestee het; kennis neem dat, terwyl ons erkenning gee aan die heldhaftige pogings van privaat individue, gemeenskapsinisiatiewe en die provinsiale regering wat fondse ingesamel het om toe te sien dat die kinders veilig kan terugkeer, dit onaanvaarbaar is dat so 'n krisis in die eerste plek plaasgevind het; kennis neem dat hierdie voorval die dringende behoefte aan strengere toesig, regulering en verantwoordingspligtigheid blootlê vir sportakademies wat in die Wes-Kaap bedrywig is; en 'n beroep doen die provinsiale regering om duidelike nakomingstandaarde, keuringsprosesse en beskermingsmaatreëls bekend te stel en af te dwing om jong atlete teen uitbuiting en verlating te beskerm wanneer hulle ons gemeenskappe in die buiteland verteenwoordig.

Goedgekeur.

40. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wynberg-streekshof vir Toegewyde Seksuele Misdade gelukwens met die lewering van 'n baanbrekersvonnis op 22 April 2024 in die saak van die Staat teen Thamsanqa Makhumsa, wat die beskuldigde op verskeie aanklagte van seksuele aanranding en verkragting skuldig bevind het; die waarnemende streekshofaanklaer Fazlin Cupido en ondersoekbeampte sersant Charles van die Nyanga-eenheid vir Families, Kinders en Seksuele Oortredings aanprys vir hul onwrikbare toewyding, noukeurige werk en professionele samewerking, wat deurslaggewend was om geregtigheid vir die slagoffer te verkry; kennis neem dat die jong meisie, wat net 10 jaar oud was toe die mishandeling begin het, merkwaardige moed getoon het om haar stilte te verbreek, wat die volle mag van die gereg in staat gestel het om haar oortreder verantwoordbaar te hou; kennis neem dat die lewenslange tronkstraf wat aan Makhumsa opgelê is, die Nasionale Vervolgingsgesag se onverdraagsaamheid teenoor sulke gruwelike misdade weerspieël en die samelewing se verbintenis om kwesbare kinders te beskerm, versterk; en erkenning gee aan die dapperheid van die slagoffer en almal loof wat by hierdie suksesvolle vervolging betrokke was, wie se toewyding geregtigheid handhaaf, kinders beskerm en die publiek se vertroue in Suid-Afrika se regstelsel versterk.

Goedgekeur.

41. [18:47] EERSTE ORDER

Oorweging van verslag van die Begrotingskomitee oor die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste (“Division of Revenue Bill”) [W 15–2025] (NRVP), gedateer 9 Julie 2025. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 70, gedateer 15 Julie 2025, bl 281). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Verslagverklarings namens die ANC, PA, GOOD en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Begrotingskomitee aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

42. [18:56] TWEEDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Aanstelling van die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 75, gedateer 7 Augustus 2025, bl 295).

Verslagverklarings namens die ANC, PA, GOOD en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

43. Die Huis verdaag om 19:05.